

14 September - REBEKKA

Skrifgedeelte: Genesis 24
Fokusgedeelte: Genesis 24:42-48

Hierdie verhaal gryp mens aan die hart! 'n Slaaf kry die opdrag om vir sy eienaar se seun in 'n verre land 'n vrou te gaan soek. Verkieslik by verlangse familie, maar as dit nie kan realiseer nie, is die slaaf vry om sy eie oordeel te gebruik. 'n Paar belangrike momente in hierdie pragtige geskiedenis moet in perspektief gestel word:

Die hoeveelheid gebede wat met hierdie opdrag gepaardgaan – Wanneer die gelowige 'n lewensmaat begeer, begeer hy in wese dat die Here die regte een sal voorsien. Jongmense kan trouens al van vroeg af bid dat die Here uiteindelik, op die regte tyd, die regte een sal voorsien. Om te trou, is vir elke gelowige 'n geloofsaktiwiteit, nie maar net 'n aardse formaliteit nie. Immers, die huwelik weerspieel die verhouding tussen Christus en sy kerk. Die gebed vir die huwelik mag egter nooit ophou nie. Man en vrou moet mekaar voortdurend aan die Here opdra, voortdurend die Here ook dank vir mekaar.

Die blindelinge vertrou van Rebekka – Wanneer daar sekerheid bestaan dat die Here die huwelik uit die hemel gereël het, hoef daar nie meer getob en gewonder te word nie. Nee, dan loop man en vrou die onbekende toekomspad saam met mekaar, en aan die hand van die Here, met volharding en oortuiging, vreesloos!

Die Here lei met sy eie hand na mekaar toe – Hierdie huwelik, kan ons met absolute sekerheid sê, is deur die Here gereël. Die gebeure in hierdie geskiedenis is glashelder duidelik hieroor. As gelowiges bely ons egter dat elke man en vrou deur God se eie hand na mekaar gelei word (sien ook die Huweliksformulier). Al was my destydse ontmoeting met my huidige lewensmaat ook hoe gewoon of onromanties, ook ons huwelik, soos alle ander huwelike, is deur die Here uit die hemel gereël!

'n Huwelik is dus nooit 'n fout nie, doodgewoon omdat God nie foute maak nie. Foute word deur mense gemaak. Daarom moet gelowiges in huweliksonmin of misverstand, voor die Here buig om leiding en hulp.

Die ewigheidsperspektief – Dag vir dag word ons as die bruid van Christus gereed gemaak en voorberei vir die uiteindelijke en onverwagse ontmoeting met ons ewige en hemelse Bruidegom. Sien jy werklik uit na hierdie heerlike en grootse dag? Bid jy werklik met oorgawe: “Amen, ja kom, Here Jesus!”

Sing: Psalm 128

Ds LSD du Plessis (Groblersdal)